REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 558 Cape Town, Kaapstad, 14 December 2011 No. 34865

THE PRESIDENCY

No. 1061 14 December 2011

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

No. 21 of 2011: Higher Education Laws Amendment Act, 2011

DIE PRESIDENSIE

No. 1061 14 Desember 2011

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 21 van 2011: Wysigingswet op Wette op Hoër Onderwys, 2011

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to 12 December 2011)

ACT

To amend the Higher Education Act, 1997, so as to regulate the conduct of members of the council, members of committees of the council and employees of a public higher education institution engaging in business with the relevant public higher education institution; and to adjust the period within which an independent assessor appointed by the Minister must finalise an investigation; to amend the National Student Financial Aid Scheme Act, 1999, so as to empower the Minister to intervene in the case of poor or non- performance or maladministration by the board of the National Student Financial Aid Scheme; to provide for the dissolution of the board, as well as the procedure for such dissolution; to provide for the appointment of an administrator to temporarily take over the management, governance and administration of the board; and to repeal the provisions placing an obligation on the employer of a borrower to make deductions from the remuneration of the borrower; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 27 of Act 101 of 1997, as amended by section 8 of Act 23 of 2001 and section 7 of Act 63 of 2002

1. Section 27 of the Higher Education Act, 1997, is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

"(7) **[The members]** A member of a council or a member of a committee of a council—

(a) must be **[persons]** a person with knowledge and experience relevant to the objects and governance of the public higher education institution concerned; **[and]**

(b) must participate in the deliberations of the council in the best interests of the public higher education institution concerned;

(c) must, before he or she assumes office, declare any business, commercial or financial activities undertaken for financial gain that may raise a conflict or a possible conflict of interest with the public higher education institution concerned;

(d) may not place himself or herself under any financial or other obligation to any individual or organisation that might seek to influence the performance of any function of the council; and

(e) (i) may not have a conflict of interest with the public higher education institution concerned;

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 12 Desember 2011)

WET

Tot wysiging van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, ten einde die gedrag te reël van die lede van die raad, lede van komitees van die raad en werknemers van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys wat sake doen met die betrokke openbare inrigting vir openbare hoër onderwys; en die tydperk aan te pas waarin 'n onafhanklike assessor deur die Minister aangestel 'n ondersoek moet afhandel; tot wysiging van die Wet op Nasionale Skema vir Finansiële Bystand vir Studente, 1999, ten einde die Minister te magtig om in te gryp in die geval van swak of geen prestasie of wanadministrasie deur die raad van die Nasionale Skema vir Finansiële Bystand vir Studente; voorsiening te maak vir die ontbinding van die raad, asook die prosedure vir sodanige ontbinding; voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n administrateur om die bestuur, beheer en administrasie van die raad tydelik oor te neem; en om die bepalings wat 'n verpligting op die werkgewer van 'n lener plaas om aftrekkings van die vergoeding van die lener te doen; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 27 van Wet 101 van 1997, soos gewysig deur artikel 8 van Wet 23 van 2001 en artikel 7 van Wet 63 van 2002

1. Artikel 27 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

"(7) **[Die lede]** 'n Lid van 'n raad of 'n lid van 'n komitee van 'n raad—

(a) moet **[persone]** 'n persoon wees met kennis en ervaring wat betrekking het op die oogmerke en beheer van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys; **[en]**

(b) moet in die beste belang van die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys aan die beraadslagingc van die raad deelneem;

(c) moet, voordat hy of sy 'n amp aanvaar, enige sake-, kommersiële of finansiële aktiwiteite verklaar wat vir finansiële gewin onderneem word wat 'n botsing of moontlike botsing van belange met die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys kan laat ontstaan;

(d) mag homself of haarself nie onder enige finansiële of ander verpligting plaas teenoor enige individu of organisasie wat kan probeer om die verrigting van enige werksaamheid van die raad te beïnvloed nie; en

(e) (i) mag nie 'n botsing van belange met die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys hê nie;

(ii) may not have a direct or indirect financial, personal or other interest in any matter to be discussed at a meeting and which entails or may entail a conflict or possible conflict of interest with the public higher education institution concerned;

(iii) must, before the meeting and in writing, inform the chairperson of that meeting of that conflict or possible conflict of interest."; and

(b) by the insertion after subsection (7) of the following subsections:

"(7A) Any person may, in writing, inform the chairperson of a meeting, before the meeting, of a conflict or possible conflict of interest of a member of the council with the public higher education institution concerned of which such person may be aware.

(7B) A member referred to in subsections (7)*(e)* and (7A) is obliged to recuse himself or herself from the meeting during the discussion of the matter and the voting thereon.

(7C) A committee of the council with delegated functions in terms of section 68(2) may not take a decision on a matter considered by it if any member of the committee has a conflict of interest contemplated in this section.

(7D) A member of the council or a member of a committee of the council who contravenes subsection (7)*(c)*, *(d)* or *(e)*, (7A) or (7B), after Council has followed a due process, may be—

(a) suspended from attending a meeting; or

(b) disqualified as a member of the council or a member of a committee of the council.

(7E) The council must—

(a) having regard to the provisions of section 27(9) and (7A) to (7D) and section 34 and after consultation with the institutional forum, adopt a code of conduct to which all the members of the council, all the members of committees of the council and all other persons who exercise functions of the council in terms of delegated authority must subscribe; and

(b) determine rules and procedures in terms of section 32 for an annual declaration—

(i) by each member of the council, each member of a council committee and each person who exercises functions of the council in terms of delegated authority;

(ii) of his or her financial interests and fiduciary roles, the latter to include but not be limited to offices, directorships of companies, memberships of close corporations and trusteeships held; and

(iii) of the financial interests and fiduciary roles of the members of his or her immediate family.".

Amendment of section 34 of Act 101 of 1997

2. Section 34 of the Higher Education Act, 1997, is hereby amended by the addition of the following subsections:

"(4) An employee must in writing—

(a) before he or she assumes office, declare any business that may raise a conflict or possible conflict of interest with the public higher education institution concerned; and

(b) notify the public higher education institution concerned of any conflict or possible conflict of interest before such public higher education institution procures any goods or services from the employee or an organisation within which the employee holds an interest.

(5) An employee may not conduct business directly or indirectly with the public higher education institution at which he or she is employed that entails or may entail a conflict of interest with the public higher education institution unless the council of such public higher education institution is of the opinion that—

(a) the goods, product or service in question are unique;

(b) the supplier is a sole provider; and

(ii) mag nie 'n direkte of indirekte finansiële, persoonlike of ander belang in enige aangeleentheid hê wat by 'n vergadering bespreek gaan word en wat 'n botsing of moontlike botsing van belange met die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys behels of kan behels nie;

(iii) moet, voor die vergadering en skriftelik, die voorsitter van daardie vergadering inlig van daardie botsing of moontlike botsing van belange."; en

(b) deur die volgende subartikels na subartikel (7) in te voeg:

"(7A) 'n Persoon kan die voorsitter van 'n vergadering voor die vergadering skriftelik inlig van 'n botsing of moontlike botsing van belange van 'n lid van die raad met die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys waarvan sodanige persoon bewus mag wees.

(7B) 'n Lid in subartikels (7)*(e)* en (7A) bedoel, is verplig om homself of haarself van die vergadering te verskoon tydens die bespreking van en stemming oor die aangeleentheid.

(7C) 'n Komitee van die raad met gedelegeerde werksaamhede ingevolge artikel 68(2) kan nie 'n besluit oor 'n aangeleentheid onder oorweging neem nie indien enige lid van die komitee 'n botsing van belange het, soos in hierdie artikel beoog.

(7D) 'n Lid van die raad of 'n lid van 'n komitee van die raad wat subartikel (7)*(c)*, *(d)* of *(e)*, (7A) of (7B) oortree, kan, nadat die Raad 'n regsproses gevolg het—

(a) belet word om 'n vergadering by te woon; of

(b) as 'n lid van die raad of 'n lid van 'n komitee van die raad gediskwalifiseer word.

(7E) Die raad moet—

(a) met inagneming van die bepalings van artikel 27(9) en (7A) tot (7D) en artikel 34 en na oorleg met die institusionele forum, 'n gedragskode aanneem waaraan al die lede van die raad, al die lede van komitees van die raad en alle ander persone wat werksaamhede van die raad ingevolge gedelegeerde magtiging verrig, moet voldoen; en

(b) reëls en prosedures ingevolge artikel 32 vasstel vir 'n jaarlikse verklaring—

(i) deur elke lid van die raad, elke lid van 'n raadskomitee en elke persoon wat werksaamhede van die raad ingevolge gedelegeerde magtiging verrig;

(ii) van sy of haar finansiële belange en vertrouensrolle, laasgenoemde met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, ampte, direkteurskappe van maatskappye, lidmaatskappe van beslote korporasies en trusteeskappe wat gehou word; en

(iii) van die finansiële belange en vertrouensrolle van die lede van sy of haar naaste familie.".

Wysiging van artikel 34 van Wet 101 van 1997

2. Artikel 34 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg:

"(4) 'n Werknemer moet skriftelik—

(a) voordat hy of sy die amp opneem, enige sake wat 'n botsing van of moontlike botsing van belange met die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys kan laat ontstaan, verklaar;

(b) die betrokke openbare inrigting vir hoër onderwys in kennis stel van enige botsing of moontlike botsing van belange voordat sodanige openbare inrigting vir hoër onderwys enige goedere of dienste verkry van die werknemer of 'n organisasie waarin die werknemer 'n belang het.

(5) 'n Werknemer mag nie direk of indirek met die openbare inrigting vir hoër onderwys waar hy of sy in diens is, sake doen wat 'n botsing van belange met die openbare inrigting vir hoër onderwys behels of kan behels nie, tensy die raad van sodanige openbare inrigting vir hoë onderwys van mening is dat—

(a) die betrokke goedere, produk of diens uniek is;

(b) die voorsiener die enigste voorsiener is; en

(c) it is in the best interest of the institution.

(6) An employee may not on behalf of that public higher education institution contract with himself or herself or any entity in which he or she has a direct or indirect financial or personal interest.

(7) Contracting referred in subsection (6) relates to conduct that is aimed at receiving any direct or indirect personal gain that does not form part of the employment relationship contemplated in subsection (1).". 5

Amendment of section 47 of Act 101 of 1997

3. Section 47 of the Higher Education Act, 1997, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words: 10

"An independent assessor appointed under section 44 must, within **[30 days]** a period determined by the Minister, but not exceeding 90 days and on the terms of reference specified by the Minister—".

Insertion of sections 4A and 4B in Act 56 of 1999 15

4. The following sections are hereby inserted in the National Student Financial Aid Scheme Act, 1999, after section 4:

"**Intervention by Minister**

4A. (1) The Minister may issue a directive to the board to take such action specified by the Minister if the NSFAS— 20

(a) is in financial difficulty or is being otherwise mismanaged;

(b) is unable to perform its functions effectively due to dissension among board members;

(c) has acted unfairly or in a discriminatory or an inequitable way towards a person to whom it owes a duty under this Act; 25

(d) has failed to comply with any law;

(e) has failed to comply with any directive given by the Minister under this Act; or

(f) has obstructed the Minister or a person authorised by the Minister in performing a function in terms of this Act. 30

(2) A directive contemplated in subsection (1) must state—

(a) the nature of the deficiency;

(b) the steps which must be taken to remedy the situation; and

(c) a reasonable period within which the steps contemplated in paragraph *(b)* must be taken. 35

(3) Before making a decision under subsection (1) the Minister must, subject to the Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Act No. 3 of 2000)—

(a) give notice to the board of the intention to issue a directive;

(b) give the board a reasonable opportunity to make representations; and 40

(c) consider such representations.

(4) *(a)* If the board fails to comply with the directive within the stated period, the Minister must dissolve the board and appoint an administrator to take over the functions of the board.

(b) For the purposes of paragraph *(a)*, sections 17A, 17B and 17C apply with the changes required by the context. 45

(5) If the Minister appoints an administrator in terms of subsection (4), the administrator may perform all the functions of the board and an employee must comply with a directive given by the administrator.

(6) The cost associated with the appointment of an administrator shall be for the account of the NSFAS.". 50

(c) dit in die beste belang van die instelling is.

(6) 'n Werknemer kan nie namens daardie openbare inrigting vir hoër onderwys 'n kontrak aangaan met homself of haarself of enige entiteit waarin hy of sy 'n direkte of indirekte finansiële of persoonlike belang het nie.

(7) Kontraktering in subartikel (6) bedoel hou verband met optrede wat daarop gemik is om enige direkte of indirekte persoonlike voordeel te trek wat nie deel vorm van die diensverhouding in subartikel (1) beoog nie.".

Wysiging van artikel 47 van Wet 101 van 1997

3. Artikel 47 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

" 'n Onafhanklike assessor kragtens artikel 44 aangestel, moet binne **[30 dae]** 'n tydperk deur die Minister bepaal, maar hoogstens 90 dae en volgens die opdrag uiteengesit deur die Minister—".

Invoeging van artikels 4A en 4B in Wet 56 van 1999

4. Die volgende artikels word hierby in die Wet op die Nasionale Skema vir Finansiële Bystand vir Studente, 1999, na artikel 4 ingevoeg:

"**Ingryping deur Minister**

4A. (1) Die Minister kan 'n lasgewing aan die raad uitreik om sodanige stappe te doen wat deur die Minister bepaal is indien die NSFBS—

(a) in geldnood verkeer of andersins wanbestuur word;

(b) nie sy werksaamhede doeltreffend kan verrig nie as gevolg van onenigheid onder raadslede;

(c) onregverdig of op 'n diskriminerende of onbillike wyse teenoor 'n persoon opgetree het teenoor wie die NSFBS ingevolge hierdie Wet 'n verpligting het;

(d) versuim het om aan enige wetsbepaling te voldoen;

(e) versuim het om aan enige lasgewing ingevolge hierdie Wet deur die Minister uitgereik, te voldoen; of

(f) die Minister of 'n persoon deur die Minister gemagtig gedwarsboom het in die verrigting van 'n werksaamheid ingevolge hierdie Wet.

(2) 'n Lasgewing in subartikel (1) beoog—

(a) moet meld wat die aard van die tekortkoming is;

(b) moet meld watter stappe gedoen moet word om die situasie reg te stel; en

(c) moet 'n redelike tydperk meld waarin die stappe beoog in paragraaf *(b)* gedoen moet word.

(3) Voordat 'n besluit kragtens subartikel (1) geneem word, moet die Minister behoudens die 'Promotion of Administrative Justice Act, 2000' (Wet No. 3 van 2000)—

(a) kennis aan die raad gee van die voorneme om 'n lasgewing uit te reik;

(b) die raad 'n redelike geleentheid gun om vertoë te rig; en

(c) sodanige vertoë oorweeg.

(4) *(a)* Indien die raad versuim om binne die gemelde tydperk aan die lasgewing te voldoen, moet die Minister die raad ontbind en 'n administrateur aanstel om die werksaamhede van die raad oor te neem.

(b) By die toepassing van paragraaf *(a)*, is artikels 17A, 17B en 17C van toepassing met die veranderings deur die samehang vereis.

(5) Indien die Minister 'n administrateur ingevolge subartikel (4) aanstel, kan die administrateur al die werksaamhede van die raad verrig en 'n werknemer moet aan 'n lasgewing wat deur die administrateur uitgereik is, voldoen.

(6) Die kostes verbonde aan die aanstelling van 'n administrateur is vir die rekening van die NSFBS.".

Insertion of Chapter 2A in Act 56 of 1999

5. The following Chapter is hereby inserted in the National Student Financial Aid Scheme Act, 1999, after Chapter 2:

"CHAPTER 2A

Appointment of administrator 5

17A. (1) Notwithstanding any other provision of this Act, the Minister may, after consultation with the board if practicable, appoint a person as administrator to take over the management, governance and administration of the NSFAS and to perform the functions of the NSFAS if—

(a) an audit of the financial records of the NSFAS or a report by a Ministerial Committee reveals financial or other maladministration of a serious nature or the serious undermining of the effective functioning of the NSFAS; 10

(b) any other circumstances arise that reveals financial or other maladministration of a serious nature or the serious undermining of the effective functioning of the NSFAS; or 15

(c) the board requests such appointment.

(2) The Minister may only act in terms of subsection (1)*(a)* or *(b)* if the appointment of an administrator is in the interests of the NSFAS and higher education and training in an open and democratic society. 20

(3) *(a)* The Minister appoints an administrator for such period as may be determined by the Minister but such period may not exceed two years.

(b) The Minister may extend the period contemplated in paragraph *(a)* once for a period not exceeding six months.

Assistance to administrator 25

17B. An administrator appointed in terms of section 17A may, with the approval of the Minister, appoint any other person with suitable knowledge and experience to assist him or her in the performance of his or her functions.

Remuneration and allowances 30

17C. The Minister, with the approval of the Minister of Finance, may determine the remuneration and allowances to be paid to the administrator and to any other person appointed in terms of section 17B.

Dissolution of board

17D. The board is dissolved from the date the Minister appoints the administrator in terms of section 17A(3)*(a)*." 35

Repeal of section 23 of Act 56 of 1999

6. Section 23 of the National Student Financial Aid Scheme Act, 1999, is hereby repealed.

Short title 40

7. This Act is called the Higher Education Laws Amendment Act, 2011.

Invoeging van Hoofstuk 2A in Wet 56 van 1999

5. Die volgende Hoofstuk word hierby na Hoofstuk 2 in die Wet op die Nasionale Skema vir Finansiële Bystand vir Studente, 1999, ingevoeg:

"HOOFSTUK 2A

Aanstelling van administrateur

17A. (1) Ondanks enige ander bepaling van hierdie Wet, kan die Minister na oorleg met die raad, indien moontlik, 'n persoon as administrateur aanstel om die bestuur, beheer en administrasie van die NSFBS oor te neem en om die werksaamhede van die NSFBS te verrig indien—

(a) 'n oudit van die finansiële rekords van die NSFBS of 'n verslag van 'n Ministeriële Komitee finansiële of ander wanadministrasie van 'n ernstige aard of die ernstige ondergrawing van die doeltreffende werking van die NSFBS onthul;

(b) enige ander omstandighede ontstaan wat finansiële of ander wanadministrasie van 'n ernstige aard of die ernstige ondergrawing van die doeltreffende werking van die NSFBS onthul; of

(c) die raad so 'n aanstelling aanvra.

(2) Die Minister kan slegs ingevolge subartikel (1)*(a)* of *(b)* optree indien die aanstelling van 'n administrateur in die belang van die NSFBS en hoër onderwys en opleiding in 'n oop en demokratiese samelewing is.

(3) *(a)* Die Minister stel 'n administrateur aan vir sodanige tydperk wat deur die Minister bepaal kan word, maar sodanige tydperk mag nie langer as twee jaar wees nie.

(b) Die Minister kan die tydperk in paragraaf *(a)* beoog een keer met hoogstens ses maande verleng.

Bystand aan administrateur

17B. 'n Administrateur ingevolge artikel 17A aangestel kan, met die goedkeuring van die Minister, enige ander persoon met gepaste kennis en ervaring aanstel om hom of haar in die verrigting van sy of haar werksaamhede by te staan.

Vergoeding en toelaes

17C. Die Minister kan, met die toestemming van die Minister van Finansies, die besoldiging en toelaes bepaal wat aan die administrateur en enige ander persoon ingevolge artikel 17B aangestel, betaal moet word.

Ontbinding van raad

17D. Die raad is ontbind vanaf die datum waarop die Minister die administrateur ingevolge artikel 17A(3)*(a)* aanstel.".

Herroeping van artikel 23 van Wet 56 van 1999

6. Artikel 23 van die Wet op die Nasionale Skema vir Finansiële Bystand vir Studente, 1999, word hierby herroep.

Kort titel

7. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Wette op Hoër Onderwys, 2011.